**23 Julie**

**Skrifgedeelte: Matteus 6:11 (lees ook Matt. 6:19-34) (1933/1953-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Matteus 6:11; HK Sondag 50**

## Die vierde bede: *Gee ons vandag ons daaglikse brood*

Die laaste drie bedes van die Onse Vader bring ons by ons behoeftes, naamlik ons brood, ons skuld en ons versoekinge. In die vierde bede bid ons om ons daaglikse brood. ’n Gebed in vertroue dat God alles wat ons nodig het, kan en wil gee.

In Matteus 6:19-34 bevestig Jesus aan die skare dat God kan versorg. Hy sorg vir die voëls in die lug en die blomme in die veld, natuurlik dan ook vir die mens. Daarom is die vierde bede so ’n noodsaaklikheid: *Here, leer ons nie op onsself vertrou nie, maar gee U vir ons wat ons in hierdie dag nodig het.*

Alhoewel Christus in hierdie bede leer om om ons daaglikse *brood* te bid*,* bely ons in Sondag 50 dat ons in hierdie bede alles insluit wat ons as mens nodig het. En hoe baie het ons nie nodig nie? Ons is magteloos om dit self te verskaf. Ons werk wel, maar dit is God wat voorsien.

In ons bede om ons daaglikse brood bid ons ook dat ons dit wat ons het, tot eer van God se Naam sal gebruik. Ons kan God eer in alles wat ons ontvang, of ons kan dit net vir onsself gebruik.

Hoekom wil die Here nie dat ons oor ons daaglikse brood besorg moet wees nie? Kleingelowige bekommernis trek ons aandag van Hom af weg. Ons moet ons nie onnodig bekommer nie.

Ook bid ons in hierdie bede vir ons naaste. Dit gaan nie net om “my” daaglikse brood nie, maar “ons” daaglikse brood. Die besitter van die brood is die Here, en Hy deel dit uit aan ons, *vandag*. Jesus Christus eindig ons broodvraagstuk met die bede: Gee ons vandag ons daaglikse brood. Hierdie bede is nie ’n agterdeur vir luiheid nie, maar ’n erkenning dat God die bron is. As God sy gawes nie seën nie, is alles wat ons ontvang, waardeloos.

Bid hierdie vierde bede met opregte biddende afhanklikheid. God sal voorsien in alles wat u nodig het. Miskien nie op die tyd, plek en wyse wat u gedink het nie, maar u daaglikse brood sal Hy voorsien. Hy sorg vir die voëls in die lug, en die blomme in die veld, hoeveel te meer vir ons. Bid dan met groot vrymoedigheid: Gee ons vandag ons daaglikse brood.

*Sing: Psalm 34:1 (1936)*

*Ds. JG (Hannes) Noëth (Kimberley)*